kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

Tema: Wat graveer ons in klip?

Skriflesing: Exodus 20:1-20

## Broodjies vir die pad

"The Layers

I have walked through many lives,
some of them my own,
and I am not who I was,
though some principle of being
abides, from which I struggle
not to stray.
When I look behind,
as I am compelled to look
before I can gather strength
to proceed on my journey,
I see the milestones dwindling
toward the horizon
and the slow fires trailing
from the abandoned camp-sites,
over which scavenger angels
wheel on heavy wings.
Oh, I have made myself a tribe
out of my true affections,
and my tribe is scattered!
How shall the heart be reconciled
to its feast of losses?
In a rising wind
the manic dust of my friends,
those who fell along the way,
bitterly stings my face.
Yet I turn, I turn,
exulting somewhat,
with my will intact to go
wherever I need to go,
and every stone on the road
precious to me.
In my darkest night,
when the moon was covered
and I roamed through wreckage,
a nimbus-clouded voice
directed me:
**"Live in the layers,
not on the litter."**
Though I lack the art
to decipher it,
no doubt the next chapter
in my book of transformations
is already written.
I am not done with my changes."
— Stanley Kunitz, The Collected Poems

## Op dié manier verdiep die eensaamheid

*Wilhelm Jordaan*

As Neil Diamond met sy diep baritonstem sing: "I am, I said / to no one there / and no one heard / not even the chair . . ." vermoed 'n mens hy sing oor eensaamheid of alleenheid – iets wat aanhou en aanhou sonder ophou, dag in en nag uit.

Baie mense is verward oor eensaamheid en alleenheid in dié sin dat hulle alleenwees met eensaamheid gelykstel. As iemand byvoorbeeld alleen op 'n parkbankie sit, alleen in 'n restaurant eet of alleen gaan fliek of kerk toe gaan, word soms jammerhartig gesê: "Ag, foeitog, kyk daardie eensame mens."

Natuurlik kan alleenheid en eensaamheid mekaar voed, maar 'n mens moet 'n bietjie beter onderskei. Om alleen te wees, om as 't ware jou "eie geselskap" hoog te ag en stilte op te soek, is 'n vermoë wat baie mense verloor het.

Die sielkundige Carl Jung skryf: "Vir my is alleenheid 'n fontein van genesing wat die lewe die moeite werd maak. Praat is dikwels vir my 'n pyniging en ek het baie dae van stilte nodig om te herstel van die nuttelоosheid van my eie woorde."

Sulke alleenheid is dikwels konstruktief en 'n bron van skeppende werk – wanneer die sintuie tot die uiterste toe, byna gulsig, alles óm en ín jou inneem en jou gedagtegang onverstoorbaar toegespits is. Daar is mense wat vir ure, dae, weke en maande só alleen kan wees sonder om eensaamheid te beleef.

Die "naakte terreur" van eensaamheid, soos Joseph Conrad dit beskryf, is tweeledig van aard. Enersyds behels dit emosionele isolasie, dat jy nie tuis voel met jouself nie. Jy het vir jouself 'n vreemdeling geword. Jy weet nie meer wie jy werklik is nie, en wat jy wel van jouself weet, is gevaarlik min, of té gevaarlik om aan 'n ander mee te deel.

Dán gaan dit nie soseer oor 'n gemis aan ander mense nie, maar 'n gemis aan jouself – soos wanneer jy besef die mens wat jou soggens in die spieël aanstaar, is iemand van wie jy die naam dra, maar nie ken nie.

Andersyds is daar iets soos sosiale isolasie – die gemis aan ander mense se teenwoordigheid. Hieroor het Martinus Nijhoff 'n gedig geskryf: " . . . Die maanlig sing my bloed tot danse wakker, / En as ek dans, dans my skaduwee met my / Skaduwee, my skaduwee, my enigste makker: / Ons dans – kyk, ek is niks meer as jy . . ."

So 'n gemis is pynlik. Dit maak seer. Want jy wat jouself as 'n skaduwee beleef, wéét mos dit is iets sonder substansie. 'n Skaduwee het nie 'n stem nie en raak jou nie aan nie.

Om aan dié soorte isolasie en die angs daaromheen te ontsnap, doen mense soms vreemde dinge. Sommige reken die antwoord is dat jy dit met besete ywer moet oorkom. Jy word byna geklik "sosiaal" en skarrel rond in die hoop dat hoe meer siele daar óm jou is, hoe meer vreugde sal daar ín jou wees. En al wat eintlik gebeur, is dat eensaamheid verdiep.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/op-die-manier-verdiep-die-eensaamheid-20200929

"Our own happiness, our own peace, can never be complete until we find some way of sharing it with people who the way things are now have no happiness and know no peace. Jesus calls us to show this truth forth, live this truth forth. Be the light of the world, he says. Where there are dark places, be the light especially there. Be the salt of the earth. Bring

out the true flavor of what it is to be alive truly. Be truly alive. Be life-givers to others. That is what Jesus tells the disciples to be. That is what Jesus tells his Church, tells us, to be and do. Love each other. Heal the sick, he says. Raise the dead. Cleanse lepers. Cast out demons. That is what loving each other means. If the Church is doing things like that, then it is being what Jesus told it to be. If it is not doing things like that—no matter how many other good and useful things it may be doing instead—then it is not being what Jesus told it to be. It is as simple as that."
— Frederick Buechner, Listening to Your Life: Daily Meditations with Frederick Buechne

"Don't aim at success. The more you aim at it and make it a target, the more you are going to miss it. For success, like happiness, cannot be pursued; it must ensue, and it only does so as the unintended side effect of one's personal dedication to a cause greater than oneself or as the by-product of one's surrender to a person other than oneself. Happiness must happen, and the same holds for success: you have to let it happen by not caring about it. I want you to listen to what your conscience commands you to do and go on to carry it out to the best of your knowledge. Then you will live to see that in the long-run—in the long-run, I say!—success will follow you precisely because you had forgotten to think about it"
— Viktor E. Frankl, Man's Search for Meaning

"The truth is, of course, that the curtness of the Ten Commandments is an evidence, not of the gloom and narrowness of a religion, but, on the contrary, of its liberality and humanity. It is shorter to state the things forbidden than the things permitted; precisely because most things are permitted, and only a few things are forbidden."
— G.K. Chesterton

"To be commanded to love God at all, let alone in the wilderness, is like being commanded to be well when we are sick, to sing for joy when we are dying of thirst, to run when our legs are broken. But this is the first and great commandment nonetheless. Even in the wilderness - especially in the wilderness - you shall love him."
— Frederick Buechner, A Room Called Remember: Uncollected Pieces

"Modern capitalism needs men who co-operate smoothly, and in large numbers; who want to consume more and more; and whose tastes are standardized and can be easily influenced and anticipated. It needs men who feel free and independent, not subject to any authority or principle or conscience—yet willing to be commanded, to do what is expected of them, to fit into the social machine without friction; who can be guided without force, led without leaders, prompted without aim—except the one to make good, to be on the move, to function, to go ahead. What is the outcome? Modern man is alienated from himself, from his fellow men, and from nature."
— Erich Fromm, The Art of Loving

## Brood vir die pad

### Kerk ook deel van belewenis van jou erfenis

*Christina Landman*

In die doodsnikke van Erfenismaand vra ek 'n paar mense of hulle hulself nog Afrikaners noem. Ek vra sommer rond en bont, maar spesifiek wit mense ouer as 50 wat in die verlede Afrikaners genoem is. Ek vra tien mense en kry tien verskillende antwoorde.

Die eerste antwoord kom van 'n vrou wat sê sy noem haarself met gemak 'n Afrikaner. Die Duitsers het ook aangejaag en nou het hulle dit reggemaak en is nou trots Duits. Sy gaan nou na die Anglikaanse Kerk, want die NG Kerk het sy rituele verloor of opgekitsch.

Twee: 'n Man noem homself 'n "Afrikaner-optimis". Hy hoop dat alles hier vir ons almal in Afrika sal uitwerk. Saam-saam vra ons kritiese vrae en hanteer ons moeilike situasies, hoop hy.

En ja, hy bly lekker in die NG Kerk, want hy weet hulle dink soos hy.

Drie: Sy sien haarself as 'n "verstote Afrikaner" wat nie meer welkom in haar eie land is nie. Sy wens sy kan voluit Afrikaner wees sonder dat mense aanstoot neem. Sy gaan NG Kerk toe, want daar is mense wat soos sy dink.

Vier: "Ek is 'n Afrikaan," sê 'n man, 'n "geïntegreerde Afrikaner". Hy praat, droom en bid in Afrikaans, maar pas in by al die rasse se identiteit. "Ek het nie meer 'n NG Kerk-identiteit nie. Ek is nou spiritueel," sê hy.

Vyf: "Ek is huiwerig om myself 'n Afrikaner te noem," sê iemand. "Veral in die kerk, waar ek 'n dominee is. Dit hang af wie my vra of ek 'n Afrikaner is. As Steve Hofmeyr my vra, is die antwoord nee. Maar in 'n gesprek met nuanses oor identiteit, dan is die antwoord dalk ja."

Ses: "Ek is wit en praat Afrikaans. Ek het myself nog nooit as 'n Afrikaner gesien nie. Ek is 'n Suid-Afrikaner. En, o ja, ek behoort al jare aan 'n hoofstroom- swart kerk. Dáár voel ek tuis."

Sewe: "Ek is nie meer deel van die Afrikaners nie. Ek is deel van die 'Afrikaanses'," sê nog iemand. "Ons praat Afrikaans, maar ons het koebaai gesê vir al daai bagasie van apartheid en rassisme. Ons is vry. Ek is nog 'n lidmaat van die NG Kerk, maar ek gaan na 'n 'bekeerkerk'. Dáár is my identiteit Jesus-mense s'n. En ek hoef nie heeltyd na politiek te luister nie."

Agt: "Ek is 'n trotse Afrikaner. As 'n Afrikaner het ek burgerreg hier. En wie mag my daarvan beroof? Ek veg om 'n Suid-Afrika sonder korrupsie en geweld en woede. En ja, ek en my man gaan na 'n Afrikaanse kerk," sê 'n vrou.

Nege: "Ek is enkellopend," sê nog 'n vrou, "dus hoef ek nie aan enige groep te behoort nie.

"Ek praat Afrikaans en werk vir 'n Afrikaanse organisasie omdat dit al is waar ek werk kan kry. Ek noem myself nie 'n Afrikaner nie. Ek is 'n Christen, maar hoef nie aan 'n kerk te behoort nie."

Tien: "Ek is 'n gay man. Ek is post-Afrikaner, post-apartheidskuld en sommer ook post-kerk, behalwe wanneer hulle my vra om te preek."

Afrikaner, Afrikaan, Afrikaanse, Suid-Afrikaner, geïntegreerde Afrikaner, verstote Afrikaner. Dit lyk of (eks-) Afrikaners baie nadink oor hul erfenis. En dat hierdie nadink altyd die kerk insluit. En dit is tog 'n goeie teken.

** Landman is professor in teologie aan Unisa.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/kerk-ook-deel-van-belewenis-van-jou-erfenis-20200929

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877